Hugenote Hoërskool

COVID-19 BELEID

K – Beheer van Koshuisveiligheid gedurende Covid-19

HUIS **HUGENOOT**
HUGUENOT HOUSE
Since 1970

Blouvleiweg, Wellington – Privaatsak X9, Wellington, 7654
Superintendent: 021-873-1120 – admin@hugenoteskool.co.za

RIGLYNE VIR HUIS HUGENOOT TYDENS COVID-19 PANDEMIE

INHOUDSOPGAWE

Verantwoording 2
Gesondheid van koshuisleerlinge voor hulle terugkeer 3
Aankoms van leerders by koshuis na grendeltyd 3
Hantering van kinders wat simptome toon terwyl in die koshuis 4
Maatreëls om sosiale afstandhouding-riglyne te vergemaklik 4
Maatreëls vir higiëne in die koshuise 5
Daaglikse skandering 6
Addisionele riglyne vir higiëne in kombuise 6
Hantering van personeel in algemeen en personeel wat simptome toon 6

Verantwoording

Die koshuis is 'n blyplek vir beide kinders en volwassenes en as sodanig is daar vir lang tydperke 'n groot hoeveelheid mense in 'n beperkte ruimte. Daarom is dit nodig om in die tyd van Covid-19 addisionele stappe te doen om te verseker dat die leerders, diensdoenende personeel en werkers in die koshuis so veilig as moontlik gehou word. Hierdie dokument bevat reëls en riglyne om die koshuis voor te berei vir die terugkeer van die leerders en om sover moontlik veilige verblyf- en werkomstandighede te verseker.

HIERDIE BELEID IS TANS GERIG OP DIE GRAAD 12'S EN SAL AANGEPAS WORD, INDIEN NODIG, WANNEER VERDER GRADE TERUGKOM SKOOL TOE.

Gesondheid van koshuisleerlinge voor hulle terugkeer

1. Ouers moet so gou moontlik aangemoedig word om nou in die grendeltyd, hulle kinders se weerstand op te bou deur 'n gesonde dieet aan te vul met vitamines. Verder moet ons hulle aanbeveel om griepinspuitings te kry. Ons wil sover moontlik die uitbreek van die jaarlikse griep vermy.
2. Ouers word versoek om nie kinders koshuis toe te stuur as hulle enige siektesimptome toon nie.
3. Die koshuis sal streng higiëniese en voorkomingsmaatreëls instel, soos hieronder uiteengesit.

Aankoms van leerders by koshuis na grendeltyd

1. Die oorkoepelende beginsel is om die aantal persone wat in die omgewing van die koshuis kom en die koshuis binnegaan sover moontlik te beperk.
2. Die superintendent moet vooraf weet wie kom terug en wie nie. Ouers sal dus voor die tyd die superintendent moet inlig. Die skool sal 'n vraelys in hierdie verband uitstuur.
3. Die superintendent tesame met die relevante diensdoeners sal vooraf kamerplasings hersien waar nodig. Badkamers – toilette en storte – sal ook toegewys word terwyl moontlik.
4. Die koshuisprefekte sal ingelig word oor die reëlings wat hulle raak en die hulp wat hulle moet verleen in die toepassing van die veiligheidsmaatreëls.
5. Die diensdoenende personeel en, wanneer hulle terug is, die prefekte moet aan diens wees in die voorportaal waar leerders duidelike instruksies gegee moet word.
6. Ouers en leerders sal slegs by die skoolhek in Blouvleiweg die terrein mag binnekom en verlaat. Leerders sal net vir 'n beperkte tyd die skool kan binnekom om effektiewe beheer, skandering en sanitering moontlik te maak. Hierdie tye sal op die koshuis se sosiale media aan ouers deurgegee word.
7. Ouers mag slegs tot op die parkeerterrein voor die skool kom. Slegs koshuisleerders mag daarvandaan hulle besittings na die koshuis dra en die koshuis binnegaan. Nadat hulle die koshuis binnegegaan het, mag hulle nie weer kontak met ouers hê nie en moet dus voor die tyd groet.
8. Wanneer leerders in die voorportaal kom, moet hulle saniteerder gebruik. Die deure sal vir die duur van die tydperk sover as moontlik oop staan om onnodige kontak met oppervlaktes te vermy. Dit sal meebring dat daar altyd 'n diensdoenende personeellid en/of prefek in die voorportaal sal wees as die deure oop is. Hierdie reëlings sal ook geld vir die daaropvolgende tydperk terwyl vlakke van inperking nog in die land toegepas word.
9. Leerders word ten sterkste aangeraai om, nadat hulle die koshuis van buite af betree het, onmiddellik hulle klere in hulle kamers uit te trek, in 'n wasgoedsak te sit/ uit te hang vir twee dae en te gaan stort. Hierdie reëlings sal ook geld vir die daaropvolgende tydperk terwyl vlakke van inperking nog in die land toegepas word.

10. Aangesien die klere en beddegoed van alle koshuiskinders dalk meer dikwels in die koshuis gewas gaan word, moet alle items van elke leerder duidelik gemerk wees met hulle naam, ensovoorts.

Hantering van kinders wat simptome toon terwyl in die koshuis

1. Kinders moet aangemoedig word om dadelik die prefek / personeel in kennis te stel as daar enige simptome is wat dui op verkoue, griep of Covid-19.
2. Die koshuisvader/-moeder word in kennis gestel en volg dan die volgende stappe.
   i. Neem en notuleer die kind se temperatuur.
   ii. Die kind sal outomaties geïsoleer word in die siekeboeg.
   iii. Kontak die kind se ouers en versoek dat die kind dieselfde dag nog gehaal word.
   iv. Ouers monitor dan tuis, en stuur slegs die kind terug skool toe as die kind gesond is. 'n Negatiewe Covid-19 toets sal in gevalle vereis word.
3. Die koshuisvader/-moeder/superintendent sal in kennis gestel word as 'n koshuiskind by die skool siek word.

Maatreëls om sosiale afstandhouding-riglyne te vergemaklik

1. Alle leë kamers moet benut word. Hoe minder kinders in 'n kamer bly, hoe beter. Die riglyn is hoogstens 2 persone in 'n viermankamer aangesien die riglyne vir sosiale distansiëring dan steeds toegepas kan word.
2. Daar moenie in kamers, gange, badkamers, TV-kamer of rondom speletjies gekuier word nie. Die TV-kamer, sitkamer en ander plekke van byeenkoms – eetsaal en studiesaal uitgesluit – sal vir die duur van die Covid-19-pandemie buite perke wees.
4. Tydens etes moet daar slegs drie kinders by 'n tafel sit. Indien die getalle dit nie toelaat nie, sal etenstye in meer sessies geskied. Daar sal ook nie voor ete buite die eetsaal aangetree word voor hulle instap nie.
5. Kosbediening sal óf per tafel geskied óf daar sal nie meer as een persoon op 'n slag by die bedieningstoonbank wees nie.
6. Die studiesaal moet so benut word dat daar banke oop is rondom kinders.
7. Geen besoekers van buite aan die koshuis of besoeke van ouers sal toegelaat word nie. Indien vooraf gereël, kan ouers in uitsonderlike gevalle hulle kinders op die skool se parkeerterrein ontmoet.
8. Die voordeur sal net sekere tye oop wees vir leerders om op die skoolterrein rond te beweeg. Geen leerder sal buite hierdie tye uit die koshuis mag wees nie.
9. Leerlinge mag nie die skoolterrein verlaat nie. Daar sal 'n behoeftebepaling wees en leerders sal, indien nodig, een keer per week met 'n bussie na 'n winkel geneem word, waar hulle vir 'n vasgestelde tyd die nodige inkopies kan doen.
10. Gee ekstraklasse of ander buite-kurrikulêre bedrywighede wat buite die skoolterrein plaasvind, sal toegelaat word nie.

Maatreëls vir higiëne in die koshuise

1. Terwyl daar enige vlak van inperking gehandhaaf word en die skandering, ensovoorts moet plaasvind, kan leerders na ‘n naweek slegs op ‘n Sondag, binne die ure wat deurgegee sal word, na die koshuis terugkeer. Geen leerder sal op ‘n Maandagoggend na die koshuis mag terugkeer nie.
2. Handsaniteerders by eetsaal voor kinders eet, asook by die hoofingang na die koshuis. Verder ook ‘n bottel in elke gang. Diensdoenende personeel en prefekte sal toesien dat almal wat die koshuis binnekom saniteerder gebruik.
3. Kinders moet ook elkeen hulle eie saniteerder van die huis saambring.
4. Seep by al die wasbakke in die badkamers.
5. In skooltyd gee die werkers daagliks ekstra aandag aan ontsmetting van gange, traprelings, deurhandvatsels, ligskakelaars en badkamers bykomend tot hulle normale skoonmaakpogram. Dit sluit hulle eie badkamer en kwartiere ook in. Die senior hoofhuishoudingstoesighouer moet ‘n aftiklys opstel wat werkers kan afmerk, die tyd kan invul en teken vir die sanitering wat gedoen word.
6. Dit word baie sterk aanbeveel dat leerders stort as hulle van skool af kom, en weer as hulle van buite op die terrein af inkom.
7. Die klere wat hulle gedra het, moet onmiddellik uitgetrek en in ‘n wasgoedsak gesit word om gewas of vir te minste twee dae uitgehang te word voor hulle dit weer dra.
8. Elke leerder is verantwoordelik om gereeld die deurhandvatsel en ligskakelaar in hulle kamer te ontsmet. Ontsmetting van deurhandvatsels, trap reëlings en ligskakelaars in elke gang is deel van die prefekte se diens. Die koshuiswerkers sal ook hierdie oppervlaktes skoonmaak volgens ‘n vasgestelde rooster.
9. Terwyl daar net sekere grade in die koshuis is, sal spesifieke storte en toilette aan elke kind toegewys word. Nadat leerders ‘n toilet, stort en wasbak gebruik het, moet hulle die krane, deurhandvatsel, spoelmeganisme, sitplek saniteer. Voordat ‘n volgende persoon die geriewe gebruik, moet hulle dieselfde doen.
10. Daar moet met plakkies in die badkamer beweeg en gestort word.
11. Werkers ontsmet na elke ete die kombuis en eetsaal. Skinkborde sal ook met warm water gewas moet word.
12. Kinders moet hulle eie lapgesigsmaskers van die huis af bring. ‘n Minimum van 5 word voorgestel. Dit sal gereeld gewas moet word. Dit is ontoelaatbaar om in die koshuis te beweeg sonder ‘n gesigmasker. Slegs tydens ete in die eetsaal, in hulle (deel van) die slaapkamer en in badkamers kan dit afgehaal word.
13. Kinders moet ingelig wees oor die korrekte gebruik van sakdoeke en snesies.
14. Geen kuiery in ander kinders se kamers, in die gange, badkamers of enige ander gemeenskaplike ruimte kan toegelaat word nie. Die TV-kamer en sitkamer sal buite perke wees in hierdie tyd. Die nodige fisieke afstand moet voortdurend gehandhaaf word.

Daaglikse skandering

1. Elke koshuiskind se temperatuur moet daagliks gemeet en genotuleer word en 'n kontrolevraelys moet beantwoord en deur die leerder geteken word. Die superintendent moet dit implementeer met die hulp van die diensdoenende personeel, soos dit by die koshuisprogram inpas.
2. Die koorsmeter sal deur die superintendent bestuur word.

Addisionele riglyne vir higiëne in kombuise

1. Maskers en handskoene moet deur almal in kombuis gedra word tydens etes. Maskers en handskoene moet ook daaglik ontsmet/vervang word.
2. Slegs die senior hoofhuishoudingstoesighouer ontvang voorraad en is verantwoordelik om dit te ontsmet. Sy kan een persoon vir hulp gebruik vir swaarder items. Geen ander lid van die kombuispersoneel of werkers kom in aanraking met die afgelewerde voorraad voor dit ontsmet is nie.
3. Varsprodukte se buitenste verpakkingsmateriaal moet dadelik weggegooi word.
4. Vleis, melk en gevriesde produkte se buitenste verpakking moet eers ontsmet word voor dit in yskaste/vrieskaste geplaas word.
5. Die senior hoofhuishoudingstoesighouer moet 'n aftiklys opstel wat daagliks ingevul word soos higiëne maatreëls uitgevoer word. Ons moet 'n papierspoor hê van watter maatreëls ons daagliks toegepas het.
6. 'n Register moet gehou en ingevul word vir alle persone wat aflewerings doen by koshuis.

Hantering van personeel in algemeen en personeel wat simptome toon

1. Diensdoeners, die senior hoofhuishoudingstoesighouer en werkers moet voortgaan volgens normale diensroosters, mits hulle geen sigbare griepsimptone toon of onderliggende siektetoestande toon wat hulle kwesbaar maak vir Covid-19 nie. In sulke gevalle moet hulle tuis bly.
2. Indien diensdoeners nie hulle taak kan vervul nie weens 'n siektetoestand, sal 'n plaasvervanger gereël moet word.
3. Personeel moet self riglyne vir sosiale distansiëring toepas, en ook toesien dat die leerlinge dit toepas insoverre dit moontlik is.
4. Die senior hoofhuishoudingstoesighouer se gesondheid is van kritieke belang. Sy is baie moeilik vervangbaar en sal baie rigiede riglyne moet volg. Geen fisiese kontak met ander personeel of leerling, verpligte dra van gesigsmasker wanneer naby ander mense.
5. Personeel wat in koshuise bly, sal moet toesien dat hulle gesinne ook by al die riglyne hou.
6. Personeel moet hulself monitor en dadelik aanmeld indien daar 'n vermoede is dat simptome dié van Covid-19 kan wees.